# DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## WILDLEWE BEWARINGS VERBAND (P174097)

## BELANGHEBBENDE VERBINTENIS PLAN (BVP)

November 2020

# OPSOMMING

Die dokument verskaf ‘n opsomming van die Belanghebbende Verbintenisplan (BVP) vir die SA Wildlewe Bewaringsverband (Projek) gefinansier deur ‘n toelaag van die Globale Omgewingsfasiliteit geadministreerd deur die Wêreld Bank. Hierdie projek sal befondsing verskaf vir renosterbewaringspogings en dit sal ook geleenthede verskaf vir persone in plaaslike gemeenskappe om deel te neem aan die Suid-Afrikaanse Biodiversiteits Ekonomie. Hierdie projek bestaan uit vier komponente, wat 1) renosterbewaring en natuurlike hulpbronbestuur sal bevorder, 2) bevordering van ondersteunende toestande, insluitende koördinering en navorsing , 3) projekbestuur, en 4) voorsiening van ‘n suksesvolle vergoeding gekoppel aan die verwagte vermeerdering in die renoster-populasie.

Die BVP is opgestel deur Die Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke) en Oos-Kaapse Parke en Toerisme Agentskap as deel van die voldoening aan die nasionale omgewings- en sosiale standaarde en om aan die vereistes van die Wêreld Bank se omgewings- en sosiale raamwerk te voldoen. Dit reflekteer in besonder, prosedures wat tans in plek is om aan die doelwitte van die Suid-Afrikaanse Beskerminsgarea Wet (Wet no. 57 van 2003) *to promote participation of local communities in the management of protected areas,* te voldoen. SANParke en Oos-Kaap Parke en Toerisme Agentskap het aansienlike ondervinding in belanghebbende verbintenisse asook huidige personeel en riglyne om gesamentlike voordelige verhoudings met belangrike belanghebbendes te bou, insluitende deur die Park Forum en die *People & Parks Programme.*

Hierdie projek sal ‘n groot aantal belanghebbendes betrek, beide die wat direk bevoordeel word sowel as diegene wat indirek geaffekteer word, sowel as om die wyer gemeenskap se langtermyn ondersteuning te verseker om die Projekbeleggings se sukses te verseker. Plaaslike gemeenskappe en individue wat in die omgewing van die twee betrokke Beskermende Areas (BA’s), nl. Addo Olifant Nasionale Park en Groot Visrivier Natuurreservaat, sal spesifiek betrek word. Interaksie met belanghebbendes, sal voortdurend plaasvind gedurende die duur van hierdie projek; in ‘n deursigte, insiggewende en deelnemende manier. Spesifieke aandag sal gegee word om te verseker dat kwesbare groepe soos vroue, bejaardes, gestremdes en kinders, ingesluit word in die proses.

Bewusmakingsessies sal gehou word in die vorm van gemeenskapsforumvergaderings, informele aanbiedinge en verspreiding en bekendmaking van projekinligting. Daar sal met gemeenskapslede gekonsulteer word om insae te verkry in die omgewings- en sosiale prosesse en ingelig te word aangaande hulle verwagte omgewings- en sosiale gevolge en beplande versagtende maatreëls; in ooreenstemming met die Projek se Omgewings en Sosiale Bestuursraamwerk, en vereistes onderhewig aan die SA Nasionale Wet.

Die vernaamste forum waardeur interaksie met belanghebbendes sal plaasvind sal wees deur bestaande Park Forum en gemeenskapsbestuurstrukture wat reeds binne die twee BA’s bestaan.

Gedurende die voorbereiding vir die Projek was ‘n aantal geleenthede gereël om belanghebbendes te konsulteer, insluitende regeringsorganisasies en sleutel belanghebbendes in die twee BA’s. Onderwerpe wat bespreek was, was onder andere die voordele wat toerisme inhou vir die gemeenskap, samewerking tussen die BA agentskappe en aangrensensende gemeenskappe, moontlike entrepreneursontwikkelings en ondersteuning aan die jeug.

By die Belanghebbende Verbintenis Plan ingesluit, is ‘n Griefprosedure meganisme wat ‘n formele weg voorsien vir geaffekteerde groepe of belanghebbendes om hulle probleme en bekommernisse met die Projek of onaangespreekte kwessies, te lug. Griewe en algemene terugvoer kan gestuur word via e-pos, ‘n geskrewe brief, per sms of deur ‘n voorstelle/klagte houer wat by die hoofkantore van die BA kantore opgerig sal word. Alle spesifieke kontakpunte en prosedures sal gedeel word gedurende die komende Park

Forum en ander kommunikasie tussen gemeenskape en BA's om kennis van toegang sowel as prosedures van saakhanterings te verseker.

Ontvangde griewe sal geregistreer and hanteer word deur elke BA se *People & Parks* Personeel en verwys word binne bestaande strukture soos nodig, om spoedige hantering en afhandeling van griewe te verseker. Die BA sal 'n geskrewe antwoord rig aan die betrokke klaer / persoon wat die grief gelug het. Die Projekkomittee vir elke BA, wat binne 'n bestaande struktuur gekonstitueer mag wees, sal op 'n maandelikse basis, terugvoering oor enige kommentaar of klagtes gee en wat die stand van sake is aangaande klagtes. Indien die saak nie na wense opgelos is nie, staan dit die betrokke klaer/persoon vry om die saak verder te neem. Indien die saak verder gevoer word, moet die Projekkomitee die saak hersien en reageer.

Gemeenskappe en individue wat glo dat hulle nadelig beïnvloed is deur 'n projek wat deur die Wêreld Bank ondersteun word; en wie se klagtes of appél wat gelewer is aan die bestaande Projekkomitees se Klagtekomitees steeds onopgelos is; mag griewe rig aan die Wêreld Bank se Appélkomitee. Vir verdere inligting oor hoe om griewe te rig aan die Wêreld Bank se Appélkomitee, besoek gerus hulle webwerf http://www.worldbank.org/GRS. Vir meer inligting oor hoe om klagtes te rig aan die Wêreld Bank se Inspeksiepaneel, besoek www.inspectionpanel.org.